


MOULISE BOSTOK

BAADJIE



VOORJAARS-
DROME

MOULOSE BOSTUK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g Pingouin Nr. 5; breinaalde van 3,5 mm; hekelpen van 2,50 mm. **Let Wel:** Die garing word deurgaans dubbel gebruik.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 86 cm te pas.

SPANNING: 28 ste x 36 rye = 10 x 10 cm met garing dubbel oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; vlg - volgende; alt - alternatiewe; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); alt - alternatiewe. **Hekelafkortings:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; tr - trossie; st(e) - steek(steke) dsl - dubbelslagsteek; krap-st - kb van links na regs.

VOOR-ENAGTERPANT (eenders): Stel 108 ste op en brei 4 cm rif.

Slaan oor na ks en brei reguit voort tot werk 35 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vermin 1 st aan weersk van daaropvlg 10 rye.

Brei 20 rye reguit.

Halsvorming: r 22, heg 40 ste af, r 22.

Brei voort op hierdie 22 ste maar heg 1 st af aan halsrand in die vlg 10 rye — 12 ste bly oor.

Brei voort op hierdie 12 ste tot werk 55 cm lank is. Heg af.

AFWERKING: Werk sy- en mounate toe.

Mousgatrande: Hekel een rondte kb, dan 1 rondte krap-st rondom elke mousgat.

Halsstrook: 1e rondte: Deurgaans kb.

2e rondte: *(3 lb, 1 p, 2 lb, 1 p, 2 lb, 1 p, 3 lb) in 1 kb, slaan 2 kb oor, 1 kb in vlg kb, slaan 2 kb oor, herh van * tot einde.

BAADJIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 400 g Pingouin Nr. 5; breinaalde van 3,5 mm; hekelpen van 2,5 mm; **Let Wel:** Die garing word deurgaans dubbel gebruik.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 86 cm te pas.

SPANNING: 28 ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek, mèt garing dubbel.

AFKORTINGS: Soos moulose bostuk.

AGTERPANT: Stel 120 ste op en brei ks tot werk 36 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan begin van vlg 2 rye. Vermin daarna aan mousgatrand 1 st in die 5 daaropvlg alt rye.

Brei reguit voort tot werk 56 cm lank is en heg af.

Linkervoorpant: Stel 34 ste op en brei 5 cm (18 rye).

Vlg ry: Vermeer 25 ste op een slag aan voorpantrand, brei nog 11 cm en vermeer 1 ste aan voorpantrand.

Brei 3 rye reguit en in vlg ry vermin 1 st aan voorpantrand.



BAADJIE

Brei voort tot 122e ry en vermin aan mousgatrand soos vir agterpant, maar aan voorpantrand moet aangehou word met vermin van 1 st elke 4e ry.

Brei reguit voort aan mousgatrand nadat 5 keer 1 st vermin is, hou aan voorpantrand aan met vermin van 1 st elke 4e ry.

Wanneer 192 rye voltooi is, sal daar nog 27 ste oorbly; heg hierdie ste in 1 ry af (lengte is nou 55 cm).

REGTERVOORPANT: Soos linkervoorpant, al die vormings omgekeerd.

MOUE: Stel 80 ste op en brei ks tot werk 7 cm lank is.

Moukoppvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye, heg daarna 1 st af aan weersk in elke regsry tot werk 25 cm lank is. Heg oorbl ste af.

AFWERKING: Werk sy- en skouernate van baadjie toe, plooi moue effens in en werk

in mousgate vas. Hekel nou kb rondom mourande, trek werk effens in soos jy vorder. Hekel daarna 1 ry kb en 1 ry krap-st rondom elke mouboordjie.

VOORPANTPUNTE: 1e ry: Deurgaans kortbeen; 2 kb in elke hoek.

Let daarop dat slegs die punte ingevul word, die rand word nie reg rondom gehelik nie.

2e ry: (2 lb, 3 ks, 2 lb) in 1 kb; 2 ks, slaan 2 ks oor, 4-dsl-tr, 2 ks, slaan 2 kb oor; hekel (2 lb, 3 ks, 2 lb, 3 ks, 2 lb) in elke hoek-st.

3e ry: (2 lb, 3 ks, 2 lb) in 3-ks-sp van vorige ry, 2 ks, 4-dsl-tr in 2 ks van vorige ry, 2 ks, 4-dsl-tr in vlg 2 ks, 2 ks; (2 lb, 3 ks, 2 lb) in elke 3-ks-sp van hoek.

4e ry: Soos 2e ry, met (2 lb, 3 ks, 2 lb), 2 ks, 4-dsl-tr, 2 ks, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoeke.

5e ry: Soos 3e ry.

6e ry: (3 lb, 1 p, 2 lb, 1 p, 2 lb, 1 p, 3 lb) in 3-ks-sp, 1 kb in die 2 ks tussen die dsl-trs; herh tot einde en heg af.